Petrus

1. Petrus en sy familie

1.1 Afkoms

Petrus se pa se naam was Jona (Matteus 16:17).

> **Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar - Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.** (Matteus 16:17 AFR53)

Johannes 1:44 vertel dat Petrus van Betsaïda af gekom het.

- Waarskynlik was hy in sy kleintyd en jongmensjare daar.
- Petrus en Andreas was broers.
- Moontlik het hulle Filippus ook geken, want hulle het in dieselfde dorpie gebly. Dorpies in daardie jare was inderdaad niks meer as gehuggies nie, met hoogstens 'n paar honderd inwoners.

> (1:45) **En Filippus was van Betsáida, uit die stad van Andréas en Petrus.** (Johannes 1:44 AFR53)

In sy volwasse lewe het Petrus waarskynlik 'n huis gehad in Kapernaum in Galilea (Markus 1).

- Altwee die plekke lê langs mere - waar hy as visserman grootgeword en gewerk het.
- In altwee plekke was daar dus ook 'n deurtog van vreemde mense met wie hy kontak gemaak het en die evangelie kon verkondig.

Hy was getroud (Markus 1:30).

> **En die skoonmoeder van Simon het siek gelê aan die koors; en dadelik het hulle Hom van haar gesê.** (Markus 1:30 AFR53)

> **En toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan die koors.** Matteus 8:14

Sy vrou het saam met hom gereis op sy sendingreise (1 Korintiërs 9:5).

> **Het ons dan geen reg om 'n suster as vrou met ons rond te neem net soos die ander apostels en die broers van die Here en Céfas nie?** (1 Korintiërs 9:5 AFR53)

Petrus het Aramees gepraat met die aksent van die noordelike deel van die land (Markus 14:70).

> **Maar hy het dit weer ontken. En 'n bietjie later weer sê die wat daar staan vir Petrus: Waarlik, jy behoort by hulle, want jy is ook 'n Galiléër en jou spraak is net so.** (Markus 14:70 AFR53)

Die huistaal van die Here Jesus was ook Aramees.

1.2 Sy naam

Petrus se oorspronklike naam in Hebreeus was Simeon.

- Waarskynlik het hy, soos talle Jode van sy tyd ook die naam Simon gekry.
- Dit was 'n vergrieksde naam vir die Hebreeus - die naaste klanke wat die Grieke kon naboots.

Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. (Handelinge 15:14 AFR53)

Die Here Jesus het Simon se naam verander na Petrus toe.

En hy (Andréas)het hom na Jesus gelei. Toe kyk Jesus hom aan en sê: Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfas, wat vertaal word Petrus. Johannes 1:42 (1:43)

Omdat daar baie manne was met die naam Simon, het die dissipels hom later Simon Petrus genoem om hom van die ander te onderskei.

Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus: (2 Petrus 1:1 AFR53)

Andréas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Hom gevolg het. Johannes 1:40 (1:41)

Later het hy onder die dissipels die naam ***Kepha (Cefas)*** gekry.

- Dit beteken rots/klip. (1 Korintiërs 1:12; 15:5; Galasiërs 2:9).

Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus. (1 Korintiërs 1:12 AFR53)

…**en dat Hy aan Céfas verskyn het; daarna aan die twaalf.** (1 Korintiërs 15:5 AFR53)

…**en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfas en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan;** (Galasiërs 2:9 AFR53)

- Dis natuurlik die Aramese vertaling van Petrus (wat Grieks is).

2. Petrus se roeping

2.1. Sy kontak met die Here

Hy was beïnvloed deur die prediking van Johannes die Doper.

Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in - en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is—van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding. (Handelinge 1:21 - 22 AFR53)

Petrus se broer Andreas het hom gaan roep en van die Here Jesus vertel (Johannes 1:41).

(1:41) **Andréas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Hom gevolg het. (1:42) Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messías gevind—dit is, as dit vertaal word, die Christus**. (Johannes 1:40 - 41 AFR53)

Petrus is deur die Here geroep en deel gemaak van die dissipelkring.

En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. (Matteus 4:18).

En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word. En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg. (Markus 1:16 - 18 AFR53)

En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek en mag te hê om siektes te genees en die duiwels uit te dryf. En aan Simon het Hy die

bynaam Petrus gegee; en verder Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, die broer van Jakobus—aan hulle het Hy die bynaam Boanérges gegee, dit is, seuns van die donder— en Andréas en Filippus, en Bartholoméüs en Matthéüs, en Thomas en Jakobus, die seun van Alféüs, en Thaddéüs en Simon Kananítes, en Judas Iskáriot, hy wat Hom verraai het. (Markus 3:14 - 19 AFR53)

Simon wat Hy Petrus genoem het, en Andréas, sy broer; Jakobus en Johannes; Filippus en Bartholoméüs; Lukas 6:14

En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer; Matteus 10:2

2.2. Deel van die binnekring

Petrus was ook deel van die binnekring van drie. Die drie was Petrus, en sy twee nefies, Jakobus en Johannes. Die Here het hierdie drie somtyds uitgesonder van die ander dissipels af en hulle op spesiale geleenthede saam met Hom gehad.

Een so 'n geleentheid was toe die Here Jesus op 'n hoë berg geklim het waar Moses en Elia aan Hom verskyn het. Hulle het by die geleentheid met die Here gepraat oor sy naderende dood.

Matteus 17:1 **En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring.**

Daar was ook die keer toe die owerste van die Sinagode se dogtertjie van twaalf jaar oud gesterf het. Toe die Here Jesus hoor dat hulle die boodskap vir die owerste gee, het hy die drie dissipels met Hom saamgeneem en die dogtertjie opgewek uit die dood.

Markus 5:37 **En Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.**

Nadat die Here op 'n Sabbat in die Sinagoge geleer het, het Hy op die Olyfberg gaan sit waar Hy afgekyk het op die tempelkompleks. Die keer was dit die binnekring en Andréas (Petrus se broer) wat by Hom was

Markus 13:3 **En toe Hy gaan sit het op die Olyfberg, regoor die tempel, vra Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas Hom afsonderlik:**

Die geleentheid was natuurlik reg dat die Here vir hulle 'n duidelike profetiese preek gegee het oor die laaste dae. Hy het dit gedoen deur Jerusalem se vernietiging as vertrekpunt te gebruik om die wederkoms en alles wat daarmee saamgaan, te verduidelik.

Die nag waarin die Here die Nagmaal ingestel het, is Hy en die dissipels in Getsemané in.

- Net voor Hy gevange geneem en verraai is, het Hy eers alleen gaan bid.
- By daardie geleentheid was dit ook weer net die binnekring van drie wat Hy saam met Hom eenkant toe gevat het, sodat hulle Hom kan ondersteun terwyl Hy in die grootste angs gaan bid het.

Markus 14:33 **En Hy neem Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom en begin ontsteld en benoud te word.**

3. Petrus se doen en late

3.1. Petrus was 'n opregte en spontane mens

Tydens die wonderlike visvangs het Petrus se spontane verbasing gemaak dat hy voor die Here op sy knieë neergeval het en die Here gevra het om van hom af weg te gaan, want hy is 'n sondige man!

- Verwondering oor die grootheid van God en sponate sondebelydenis kan dus maklik hand aan hand gaan!
- Die Bybel beskryf dat Petrus dikwels so spontaan opgetree het - op die eerste ingewing van die oomblik.

Sommige skrifverklaarders het dit al afgemaak as voortvarendheid.

- *Vraag: Is spontane optrede (moontlik ondeurdag) sonde?*

En toe die skare by Hom aandring om die woord van God te hoor, gaan Hy by die meer Gennésaret staan en sien twee skuite aan die kant van die meer lê; maar die vissers het van hulle af weggegaan en was besig om die nette uit te spoel. Toe klim Hy in een van die skuite wat aan Simon behoort het, en vra hom om 'n entjie van die land af weg te vaar, en Hy het gaan sit en die skare van die skuit uit geleer. En toe Hy ophou met spreek, sê Hy vir Simon: Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak om te vang. En Simon antwoord en sê vir Hom: Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie; maar op u woord sal ek die net laat sak. En toe hulle dit gedoen het, het hulle 'n groot menigte visse ingesluit; en hulle net wou skeur. Daarop wink hulle vir hul maats in die ander skuit om hulle te kom help. En hulle het gekom en altwee die skuite vol gemaak, sodat hulle amper gesink het. En toe Simon Petrus dit sien, val hy neer aan die knieë van Jesus en sê: Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man! Want verbaasdheid het hom aangegryp en almal wat by hom was, oor die vangs van visse wat hulle gemaak het; en net so ook vir Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedéüs, wat Simon se maats was. En Jesus sê vir Simon: Moenie vrees nie; van nou af sal jy mense vang. En nadat hulle die skuite aan land gebring het, het hulle alles verlaat en Hom gevolg. (Lukas 5:1-11 AFR53)

3.2. Petrus as leier

Ons lees van verskillende geleenthede waar Petrus op die voorgrond was wanneer die dissipels bymekaar was.

Een so 'n geleentheid was toe Petrus op die water na Jesus toe geloop het, en 'n entjie verder begin sink het toe hy aan die twyfel geraak het.

En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom. En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan. Matteus 14:28, 29

Hy het soms ook opgetree as die woordvoerder van die ander (Matteus 15:15).

- Petrus moes 'n sterk leier gewees het, want ons kom uit die evangelie volgens Johannes agter dat die apostel Johannes sy woord baie goed kon doen.
- Hy was self baie begaafd en hoogs inteligent.
- Daarby was die Here Jesus besonder lief vir Johannes.
- Johannes is daarby ook nog die Here se neef! Tog neem Petrus die woord.

Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en vir Elía een. Markus 9:5

4. Onseker maar leergierig

4.1. Hy kon reguit erken as hy nie weet nie

Petrus was ook die een wat reguit by die Here gaan vra het wanneer hy nie verstaan het wat die Here gesê het nie, soos die volgende aanhaling aantoon: En Petrus antwoord en sê vir Hom: Verklaar vir ons hierdie gelykenis. Matteus 15:15

Dit was 'n geleentheid toe die Here Jesus baie ontsteld was oor die houding en gesindheid van die Jode.

- Hy het gesê dat hulle as volk na Hom toe gaan en Hom met hulle mond met hulle lippe eer, maar hulle hart is ver van Hom af.
- Die Here Jesus het ook baie skerp gesê dat dit tevergeefs is om Hom met allerhande leringe te vereer wat niks anders is as gebooie van mense nie.

Die Here Jesus het daarna die skare na Hom toe geroep en vir hulle gesê:

Luister en verstaan! Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond

uitgaan, dit maak die mens onrein.

Die dissipels het toe na die Here Jesus toe gegaan en vir Hom gesê dat die Fariseërs aanstoot geneem het oor die dinge wat Jesus gesê het.

> **Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word. Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.** (Matteus 15:13-14 AFR53)

Petrus was toe die een wat reguit vir die Here gesê het dat hy nie verstaan wat die Here bedoel het nie. Hy het die Here toe ook gevra om die gelykenis vir hom te verduidelik!

4.2. Hy wou weet hoe tree mens reg op

Net so was dit Petrus wat die Here gaan uitvra het oor die kwessie van vergifnis.

> Matteus 18:21 **Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?**

4.3. Die man wat prakties op die oomblik af gereageer het

Toe Jesus van Gadara af teruggekom het, het die skare Hom verwelkom; want almal was Hom te wagte. Daar was 'n groot gedrang van die mense wat Jesus ingewag het.

- Tussen die skare deur het daar 'n man wie se naam Jaïrus was, na Jesus toe gekom. Hy was 'n owerste van die sinagoge.
- Hy het voor die voete van die Here Jesus neergeval en Hom gesmeek om na sy huis toe te gaan om sy enigste dogter van omtrent twaalf jaar te red. Sy het op sterwe gelê.

Jesus het tussen die skare wat Hom verdring het, deurbeweeg.

- 'n Vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, en wat haar hele vermoë aan geneeshere uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie, het van agter af gekom en die soom van die Here Jesus se kleed aangeraak.
- Haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou.

Die Here Jesus wou dadelik weet wie dit is wat Hom aangeraak het.

- Eers het almal dit ontken.
- Petrus het baie prakties die oplossing gehad: **Meester, die skare druk en verdring U, en U sê: Wie is dit wat My aangeraak het?** Vir hom was dit duidelik dat baie mense die hele tyd teen die Here stamp en stoot - inderdaad raak baie mense aan Hom!

> **Daarop sê Jesus: Wie is dit wat My aangeraak het? En toe almal dit ontken, sê Petrus en die wat by hom was: Meester, die skare druk en verdring U, en U sê: Wie is dit wat My aangeraak het?** Lukas 8:45
>
> Maar Jesus het geantwoord: **Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het.**

Die skuldige vrou het besef dat die Here weet wie sy is en sy het bewende en voor Hom neer geval en Hom voor die hele volk vertel waarom sy aan Hom geraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. Die Here het toe vir haar gesê: **Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.**

4.4. Watter toekoms het hulle saam met Jesus?

Die keer toe die Here die uitverkiesing verduidelik het en dat God sy genade gee soveel Hy wil en aan wie Hy wil, was dit ook Petrus wat namens al die ander hulle bekommernis uitgespreek het en die praatwerk gedoen het

Matteus 19:27 **Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?**

Het die Here die saak twee keer met hulle bespreek? In die evangelie volgens Markus kom die gebeurtenis ook voor, maar dan verduidelik die Here die saak nie aan die hand van die uitverkiesing nie, maar aan die hand van volle oorgawe en prysgawe ter wille van die Here.

Markus 10:28 **Toe begin Petrus vir Hom te sê: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.**

4.5. Petrus was oplettend

Daar was mos die vyeboom wat vol blare net buite Betanië gestaan het. Die Here Jesus was honger en het aan die boom vye gaan soek en niks gekry nie. Hy het toe vir die boom gesê:

Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie!

Petrus was die een wat dit die volgende dag onthou het en vir Jesus gesê: **Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.** Markus 11:21

Daarop het die Here Jesus vir hulle verduidelik dat mens enige iets waaraan jy glo kan kry.

Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê. (Markus 11:22-23 AFR53)

5. Petrus se belydenis

5.1. Gee sy belydenis onvoorwaardelik

Enige mens kan nie glo nie. Daar is mense wat verlore gaan. Die Here Jesus het eenkeer daaroor gepreek. Hy het die volgende gesê:

Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Want Jesus het van die begin af geweet wie hulle was wat nie glo nie, en wie hy was wat Hom sou verraai. En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie. Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie. Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie? (Lukas 6:63-67)

Hierop kon Petrus spontaan bely:

En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. Johannes 6:68

Al is dit waar dat Petrus soms dinge gedoen het wat baie aanvegbaar was, was sy geloof in die Here tog onwrikbaar.

- Hy was bereid om oor sy geloof getuienis te lewer.
- Daar was die keer toe die Here die dissipels uitgevra het oor die mense se siening van Wie Hy was. Toe die Here vir die dissipels vra Wie hulle dink Hy is, was dit Petrus wat die Here geantwoord het:

Matteus 16:16 **En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.**

Die Here het aan daardie belydenis 'n baie besondere plek in die voortgaande geskiedenis van die kerk toegeken toe Hy gesê het:

Matteus 16:18 **En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.**

5.2. Kon sy belydenis eenkeer nie gestand doen nie!

Nadat die Here Jesus die Nagmaal ingestel het, het Hy en die dissipels loop en gesels na Getsemané toe. Hy het toe vir hulle gesê dat hulle almal aan Hom gaan aanstoot neem en Hom verlaat. Matteus en Markus verhaal dat Petrus se reaksie op die oog af baie dapper en beslis was:

> **Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê.** Matteus 26:35
>
> **En Petrus sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie.** Markus 14:29

Tog weet ons dat hy sy eie belofte nie onthou het toe hy die Here later verraai het nie. Hierin is hy ’n tipiese voorbeeld van elkeen van ons wat mooi geloofsvoornemens het, maar dit dan nie kan uitvoer as dit op stuk van sake kom nie.

6. Petrus se dwalinge

6.1. Hy kon nie aanvaar dat die Here Jesus Jerusalem toe moes gaan om te sterf nie.

Jesus het op ’n stadium begin om sy dissipels daarop voor te berei dat Hy na Jerusalem toe moes gaan om gekruisig te word. Hy het hulle onder andere vertel dat Hy baie onder die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en dat Hy doodgemaak moes word. Hy het hulle ook geleer dat Hy en op die derde dag opgewek sal word.

Petrus kon die dinge nie hanteer nie. Hy het Jesus opsy geneem en Hom bestraf en gesê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!

Die Here Jesus het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ‘n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

> Matteus 16:22, 23: **Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.**

Daarna het die Here Jesus vir sy dissipels gesê dat as iemand agter Hom aan wil kom, hy homself moet verloën en sy kruis opneem en Hom volg.

- Hy het verder gegaan en die uitspraak gemaak dat elkeen wat sy lewe wil red (ter wille van homself), dit sal verloor; maar elkeen wat sy lewe om sy ontwil verloor, sal dit vind.
- Die Here Jesus het dit verduidelik dat dit ’n mens niks baat as hy die hele wêreld wen, maar aan sy siel skade ly nie.
- Daar is niks maar niks wat ‘n mens kan gee as losprys vir sy siel nie.

Hy het toe afgesluit deur daarop te wys dat sy dood en sy toetrede tot die hemel baie naby is:

> **Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.** (Matteus 16:27)

6.2. Petrus kon die Here in sy donkerste ure nie bystaan nie

Terwyl die Here en die dissipels besig was om na Getsemané toe te gaan, het Petrus beloof dat hy die Here te alle tye sal bystaan.

- In die tuin het angs die Here Jesus oorval en Hy wou eenkant toe gaan om te gaan bid.
- Hy het toe die binnekring met Hom saamgeneem - tot op ’n sekere punt. Hy het hulle daar laat bly en alleen nog ’n entjie verder gegaan en gaan bid.

- Elke keer wanneer die Here teruggekom het, was die drie aan die slaap. Hulle was te moeg om in die volheid van sy spanning te deel.

Toe praat die Here met Petrus (waarom nie met die ander twee ook nie?):

> **En Hy kom en vind hulle aan die slaap en sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?** Markus 14:37

6.3. Petrus verloën die Here Jesus Christus.

> Markus 14:54 **En Petrus het Hom van ver af gevolg tot binne - in die paleis van die hoëpriester, en het saam met die dienaars gesit en hom by die vuur warm gemaak.**

- *Die eerste ontkenning (verloëning)*

> **En terwyl Petrus onder in die binneplaas was, kom daar een van die diensmeisies van die hoëpriester, en toe sy Petrus sien, besig om hom warm te maak, kyk sy na hom en sê: Jy was ook by die Nasaréner, Jesus. Maar hy het dit ontken en gesê: Ek weet nie en begryp nie wat jy sê nie. En hy het buite na die voorplein gegaan; en die haan het gekraai.**

- *Die tweede ontkenning (verloëning)*

> **En toe die diensmeisie hom weer sien, begin sy aan die wat daar staan, te sê: Hierdie man behoort by hulle. Maar hy het dit weer ontken.**

- *Die derde ontkenning (verloëning)* *

> **En 'n bietjie later weer sê die wat daar staan vir Petrus: Waarlik, jy behoort by hulle, want jy is ook 'n Galiléër en jou spraak is net so. Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie. En vir die tweede keer het die haan gekr**aai;

- *Die besef van sy verraad!*

> … **en Petrus het die woord onthou wat Jesus vir hom gesê het: Voor die haan twee maal gekraai het, sal jy My drie maal verloën. En hy het in trane uitgebars.** (Markus 14:66 - 72 AFR53)

6.4. Petrus se skorsing as dissipel!

> **En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween.** Lukas 22: 61, 62

- Petrus was tydens sy skorsing nie erken as 'n dissipel nie!

> **Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.** Markus 16:7

6.5. Die opheffing van die skorsing

Dit het gelyk asof die lewe vir Petrus maar net normaal voortgegaan het.

- Hy het byvoorbeeld soos altyd gaan visvang.
- Maar dit was nie so dat alles reg was nie nie.
- Sy verloëning van die Here Jesus het tussen hom en die Here gebly - tot by 'n visvanggeleentheid toe die Here Jesus die saak aangespreek het en Petrus in sy amp herstel het.

> Johannes 21:3 **Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang**

nie.

Hulle het die oggend met ’n leë boot strand toe gegaan en Iemand op die strand gesien staan. Johannes het die Here Jesus herken.

> Johannes 21:7 **Daarop sê die dissipel - die een vir wie Jesus liefgehad het - aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om - want hy was naak - en werp homself in die see.**

Op die Here Jesus se bevel het hulle toe beveel om die net aan die regterkant van die skuit te gooi. Dit het uitgeloop op ’n besonder goeie visvangs.

> Johannes 21:11 **Simon Petrus het in die skuit geklim en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd drie en vyftig in getal; en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.**

Daarna het hulle saam met die Here Jesus geëet.

- Dit was ’n merkwaardige ete.
- Die Here Jesus het tydens die besondere geleentheid Petrus se saak met Hom reggestel.
- Dit beteken dat Petrus weer in sy diens as dissipel herstel is.

> **Toe hulle dan klaar was met die môre - ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Laat my lammers wei. Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Pas my skape op. Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief? Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy My lief? En hy antwoord Hom: Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet. Jesus sê vir hom: Laat my skape wei. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en ‘n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie.** (Johannes 21:15 - 18 AFR53)

7. Petrus se verhouding met die Here Jesus

Petrus het die Here Jesus baie lief gehad.

- Ons moet nie dink dat die foute wat hy gemaak het hom so oorheers het dat hy nie die Here Jesus voluit liefgehad het en gevolg het nie.
- Soms was Petrus so nederig teenoor die Here dat hy amper weerstandig voorkom, maar dis nie so nie. So ’n voorbeeld het ons die keer toe die Here sy voete wou was:

> **Petrus sê vir Hom: U sal my voete in der ewigheid nie was nie! Jesus antwoord hom: As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie. Simon Petrus sê vir Hom: Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof.** Johannes 13:8, 9

Petrus het ook ’n versigtigheid teenoor die Here gehad. Dink aan die keer aan die Nagmaaltafel toe hy vir Johannes aangehits het om vir die Here te vra wie dit is wat Hom gaan verraai

> **Simon Petrus knik toe vir hom (Johannes) dat hy moet vra wie dit kon wees van wie Hy spreek.** Johannes 13:24

Johannes onthou ook dat die Here Jesus Petrus gewaarsku het dat hy eers later werklik tot bekering sou kom en die Here volg.

- Petrus kon dit nie begryp nie, want hy het gedink dat sy geloof in die Here reg en op die merk is!
- *Hoeveel van ons maak nie ook daardie fout nie!?*

> **Simon Petrus sê vir Hom: Here, waar gaan U heen? Jesus antwoord hom: Waar Ek heengaan, kan jy My nou nie volg nie, maar later sal jy My volg. Petrus sê vir Hom: Here, waarom kan ek U nie nou**

volg nie? Ek sal my lewe vir U gee. Johannes 13:36, 37 .

Die aand in Getsemané was Petrus die enigste een wat bereid was om fisies vir die Here se verdediging te veg! Hy het ’n swaard gehad (waarskynlik as gevolg van sy politieke oortuigings!) waarmee hy dadelik Malchus se oor afgekap het.

> **En Simon Petrus wat ’n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus. Toe sê Jesus vir Petrus: Steek jou swaard in die skede. Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?** Johannes 18:10, 11

Die Sondagoggend toe die Here opgestaan het, het Petrus sonder huiwering weggespring om dit met sy eie oë te gaan sien!

> **Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop; en toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.** Lukas 24:12

8. Petrus en die ander Apostels

Petrus het ’n goeie verhouding met die ander dissipels gehad. Die feit dat hy een van die binnekring was, vertel dit al.

Petrus self het nie enige kontak met die hoëpriester gehad nie. Dus kon hy die aand toe die Here Jesus daar verhoor is, nie daar ingaan nie. Johannes se pa, Sebedeus was wel vriende met die hoëpriester. Daarom het hy Petrus ingeneem.

> **Maar Petrus het buitekant by die deur bly staan. En die ander dissipel wat bekend was met die hoëpriester, het uitgegaan en met die deurwagster gepraat en Petrus ingebring.** Johannes 18:16

Petrus en Johannes was blykbaar baie in mekaar se geselsskap. Hulle was ook by mekaar toe hulle die boodskap gekry het dat die Here opgestaan het. Hulle het ook saam gehardloop. Petrus was nie so ’n goeie atleet soos Johannes nie. Johannes het vir hom weggehardloop en voor hom by die graf aangekom. Hy het daar gewag totdat Petrus ook daar aangekom. Petrus het toe eerste in die graf ingegaan.

> **Toe gaan Petrus en die ander dissipel uit en kom by die graf. En die twee het saam gehardloop, en die ander dissipel het vooruit gehardloop, vinniger as Petrus, en eerste by die graf gekom.** Johannes 20:3, 4

> **Toe kom Simon Petrus agter hom aan en gaan in die graf en sien die doeke lê;** Johannes 20:6

Na die Here Jesus se hemelvaart het die dissipels saam omgedraai van die Olyfberg af en na Jerusalem toe gegaan

- Toe hulle daar kom, het hulle na die bo-vertrek toe gegaan waar hulle gewoond was om saam te kom.
- Die groepie wat daar saamgekom het, was: Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas, Filippus en Thomas, Bartholoméüs en Matthéüs, Jakobus, die seun van Alféüs, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus.
- Saam met hulle was daar ook ‘n groepie vroue en Maria, die moeder van Jesus, en Jesus se broers.
- Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking,

In dié dae het die groep persone wat saamgekom het gegroei tot ’n skare van persone, sê die Bybel. Daar was toe al omtrent honderd en twintig mense bymekaar.

- Petrus na vore getree as hulle leier.
- Hy het tussen die dissipels opgestaan en hulle daaraan herinner dat die Skrif vervul moes word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van die wat Jesus gevange geneem het.
- Petrus het gesê dat Judas saam met hulle getal gereken is en die lot van hulle bediening verkry het.

- Daarna het hy vir hulle begin vertel wat van Judas geword het:
    - Judas het na die verraad 'n stuk grond gekoop met die loon van ongeregtigheid.
    - Hy het homself gaan ophang en het vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgestort;
- Judas se optrede het bekend geword aan al die inwoners van Jerusalem, sodat daardie stuk grond in hulle eie taal Akeldáma genoem is, dit is Bloedgrond.

Vraag: *Het Petrus dit vir hulle vertel omdat hulle nie geweet het wat intussen van Judas geword het nie - nou het hy uitgevind en lig hulle in? Of het hulle almal geweet en nou bespreek hulle dit?*

Petrus het toe iets uit die Psalms aangehaal en gesê:

> **Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woes word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat 'n ander een sy opsienersamp neem.** Handelinge 1:20

Daarna het hy voorgestel dat hulle 'n ander apostel in Judas se plek moes verkies. Hy het ook gesê wat die vereistes vir so iemand moet wees:

- Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in - en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is - van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding.
- Die groepie wat daar saam was het saamgestem en hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthías.

In Handelinge 2 word die uitstorting van die Heilige Gees geopenbaar.

- In die hele opset van verstomming en verwarring wat daar ontstaan het as gevolg van die gebeurtenis was dit weereens Petrus wat na vore getree het en wat die leiding geneem het.
- Hy het met 'n preek die hele situasie onder beheer gebring.

> **Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde.** Handelinge 2:14

Sy preek het al die omstanders diep getref en hulle is deur die Heilige Gees in beweging gebring om tot bekering te kom. Daardie oggend is die Nuwe Testamentiese Kerk tot stand gebring en die eerste drieduisend lidmate is gedoop.

> **Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** Handelinge 2:37, 38

Ons kry Petrus weer saam met Johannes wanneer die eerste wonderwerke gebeur - waarmee die verlossende krag van die Here van die Nuwe Testamentiese kerk geopenbaar word:

> **En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed, die negende uur.** Handelinge 3:1
>
> **Toe hy sien dat Petrus en Johannes die tempel wou binnegaan, het hy om 'n aalmoes gevra. En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons.** Handelinge 3:3, 4
>
> **Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!** Handelinge 3:6
>
> **En toe die kreupel man wat genees was, aan Petrus en Johannes vashou, het die hele volk uitermate verbaas na hulle gehardloop in die pilaargang wat Salomo s'n genoem word. En toe Petrus dit sien, sê hy vir die volk: Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop?** Handelinge 3:11, 12

9. Petrus en Sending

Ons lees in die brief aan die Galasiërs dat die Here 'n werksverdeling onder die apostels bewerk het.

- Paulus sou na die onbesnedenes (heidene) toe gaan.
- Petrus weer sou met die Jode (besnedenes) werk en aan hulle die evangelie verkondig.

> **Maar, inteendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes - want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene…** Galasiërs 2:7, 8

Na die genesing van die kreupel man het Petrus aangehou om die opstanding van die Here Jesus uit die dood te preek - en die daarmee gepaardgaande versoening. Hulle is toe gevange geneem en moes voor die hoëpriesterlike familie verskyn om verhoor te word.

By die geleentheid was Petrus ook weer die segsman:

> **Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel,** Handelinge 4:8

Die raad het eers 'n slag uit die verhoorsaal uitgegaan en gaan beraadslaag oor hoe hulle die hele aangeleentheid gaan hanteer. Hulle het toe besluit dat hulle Petrus en Johannes net gaan dreig en dan maar weer loslaat. Daar was twee dinge wat die raad gepla het.

- Die een was die vrymoedigheid waarmee die twee gepraat het

> **En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken.** Handelinge 4:13

- Die tweede was die feit dat die man wat gesond gemaak is daar by hulle gestaan het! Hulle kon dus nie beweer dat die apostels lieg nie!

Die twee apostels was egter baie beslis dat hulle die opstanding van die Here Jesus Christus sou aanhou preek.

> **Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis;** Handelinge 4:19

Dan is daar natuurlik die kwessie rondom Ananias en Saffira. In daardie geval was Petrus ook die hoofspreker.

> **Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?** Handelinge 5:3
> **En Petrus het haar aangespreek: Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het? En sy sê: Ja, vir soveel. En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra.** Handelinge 5:8, 9

Na die dood van Ananias en Saffira het die gemeente baie vinnig gegroei. Die apostels het wonders en tekens gedoen. Tog word Petrus uitgesonder.

> …**sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val.** Handelinge 5:15

Intussen het die mense in Samaria ook die geloof in die Here Jesus aangeneem.

- Die apostels het toe twee deputate gestuur om na die mense toe te gaan.
- Weer 'n keer blyk dit dat Petrus en Johannes die sterkstes onder hulle was, want hulle twee word gestuur:

> **En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.** Handelinge 8:14

Daar aangekom, het die twee vir die mense van Samaria gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Die twee apostels het die mense toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

Onder die groepie was daar ook Simon die Towenaar.

- Hy het ook gelowig geword.
- Vir die een of ander rede het hy toe die Heilige Gees oor die mense gekom het, self nie die Gees ontvang nie.
- Hy het toe geld aangebied om die Heilige Gees te mag ontvang.

Weereens het Petrus die praatwerk gedoen:

> **Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry.** Handelinge 8:20

Petrus het daarna taamlik geswerf. Dit is duidelik dat hy sendingwerk gedoen het en ook in Lidda gekom.

> **En onderwyl Petrus oral rondgaan, het hy ook gekom by die heiliges wat in Lidda woon;** Handelinge 9:32

Daar het Petrus vir Eneas genees.

> **En Petrus sê vir hom: Enéas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op! En hy het dadelik opgestaan.** Handelinge 9:34

Daarvandaan het mense Petrus laat roep na Joppe toe. Die onderstaande kaart toon aan waar Joppa/Joppe geleë is.

> **En omdat Lidda naby Joppe was en die dissipels gehoor het dat Petrus daar was, het hulle twee manne na hom gestuur wat hom moes smeek dat hy sonder uitstel na hulle moet oorkom.** Handelinge 9:38

Hier in Joppe het Petrus Tabita uit die dood opgewek.

> **En Petrus het opgestaan en saam met hulle gegaan. En toe hy daar kom, bring hulle hom in die bovertrek; en al die weduwees kom by hom staan en ween en wys hom die onder - en bo - klere wat Dorkas alles gemaak het toe sy nog by hulle was. En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid. En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabíta, staan op! En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit.** Handelinge 9:39, 40.

Dit is duidelik uit die geskiedenis dat Petrus in daardie tyd baie bekend was.

- Waarskynlik was dit omdat hy as die leier van die apostels na vore getree het en ook omdat hy mense gesondgemaak het.
- So gebeur dit dat hy dadelik van Joppe af na Ceserea toe geroep word deur ’n sekere Romeinse owerste.

Die Here verhaal dat daar in Cesaréa ‘n man was met die naam Cornelius.

- Hy was ‘n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling.
- Op die een of ander manier het hy die Joodse geloof aangeneem en het hy met sy hele huis vroom en godvresend gelewe.
- Hy het baie aalmoese aan die Joodse volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God.
- Hy het by die Here die opdrag gekry om Petrus in Joppe te laat haal - sodat hulle die evangelie van die Here Jesus Christus kon hoor en tot bekering kom.

Stuur dan nou manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word. Handelinge 10:5

Intussen is Petrus deur die Here self voorberei op die feit dat hy met heidene moet gaan praat oor die evangelie. Dit was 'n diep ingrype in Petrus se lewe, want die heidene (ook honde genoem!) is deur die Jode verag. Hulle het nie met hulle gemeng nie!

- Die Here het Petrus voorberei deur tydens Petrus se gebedstyd vir hom te sê: **Staan op, Petrus, slag en eet!**
    - Daar het 'n laken aan hom verskyn met allerhande soorte onrein diere in. Petrus het geweier met 'n beroep daarop dat hy nog nooit iets onheiligs of onreins geëet het nie. Handelinge 10:9 – 14.
- Terwyl Petrus baie verleë was wat die gesig tog kon beteken wat hy gesien het, het die manne wat deur Cornelius gestuur was, daar voor die poort gestaan en navraag gedoen na die huis van Simon.

Hulle roep toe en vra of Simon, wat ook Petrus genoem word, daar tuis is.

- Terwyl Petrus nagedink het oor die gesig, het die Gees vir hom gesê: Daar is drie manne wat jou soek.
- Petrus het afgeklim na die manne wat deur Cornelius na hom gestuur was, en gesê: Kyk, dit is ek wat julle soek. Wat is die rede waarom julle hier is?
- Hy het hulle binnegenooi en geherberg.

Die volgende dag het Petrus is Petrus toe na die Romeine toe.

- Hy het saam met die manne gereis wat hom kom roep het.
- 'n Paar van die broeders uit Joppe het met hom saamgegaan. Handelinge 10:17 – 23.

Toe Petrus in die Romein se huis ingekom het, het Cornelius hom tegemoetgegaan en voor sy voete neergeval en hom hulde bewys.

- Petrus het hom regop getrek en vir die man gesê: Staan op, ek is self ook maar 'n mens. Handelinge 10:25, 26

Cornelius het vir Petrus vertel waarom hy geroep is.

- Die Here het gesê hy moet mense na na Joppe toe stuur om Simon wat ook Petrus genoem word te laat haal.
- Die Here het tot die adres gegee waar Petrus op daardie stadium was! **Hy vertoef in die huis van Simon, 'n leerlooier, by die see; as hy kom, sal hy met jou spreek.** Handelinge 10:32

Petrus het toe sy werk begin deur te bely dat hy kan sien dat die Here nie 'n aannemer van die persoon is nie.

- Petrus was nog besig was om hieroor te praat, toe het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.
- Die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is, want hulle het gehoor hoe die Romeine wat daar saam was, in tale praat en God groot maak. Handelinge 10:44 - 46

Later het die gebeurtenis baie moeilikheid veroorsaak.

- Toe Petrus daarna na Jerusalem toe gegaan het, het die christene wat nog uit die tradisie van die besnydenis was, met hom rusie gemaak hieroor. Handelinge 11:2
- Petrus het toe vir hulle die loop van die saak uiteengesit en alles van die gesig af tot by die mense se bekering vertel. Handelinge 11:4 vv.

In die tyd het Herodes die Christene begin vervolg. Hy het Jakobus – Johannes se broer, en dus Petrus se nefie - met die swaard laat doodmaak. Natuurlik het die Jode daarvan gehou dat hy dit gedoen het, want hulle het min tyd gehad vir die Christene. Hulle het die Christene as 'n sekte beskou.

Handelinge 12 verhaal hierdie somber stukkie geskiedenis. Maar tussen die dood en die tronksel deur vertel dit ook van God se genade: God buig selfs die slegte situasies om om sy eer te dien.

- En toe hy (Herodes) sien dat dit (die moord op Jakobus) die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode. Handelinge 12:3
- So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het ’n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan.
- En toe Herodes hom wou voorbring, het Petrus in daardie nag tussen twee soldate geslaap, met twee kettings geboei, en wagte voor die deur het die gevangenis bewaak. Handelinge 12:5 – 6.

In die tronk het daar egter daardie nag wonderlike dinge gebeur - en daarna ook waar die gemeente die nag deur gebid het.

- … **meteens staan daar ’n engel van die Here by hom, en ’n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê: Staan gou op! En die boeie het van sy hande afgeval.** Handelinge 12:7.
- Toe kom Petrus tot homself en sê: Nou weet ek waarlik dat die Here sy engel gestuur en my gered het uit die hand van Herodes en uit al die verwagtinge van die Joodse volk. Handelinge 12:11
- En toe Petrus aan die deur van die poort klop, het ’n diensmeisie met die naam van Rhodé gegaan om te hoor wie daar was. Handelinge 12:13
- En sy het die stem van Petrus herken en van blydskap die poort nie oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en vertel dat Petrus voor die poort staan. Handelinge 12:14
- En Petrus het aangehou met klop; en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verbaas. Handelinge 12:16
- En toe dit dag geword het, was daar onder die soldate geen kleine opskudding oor wat van Petrus geword het nie. Handelinge 12:18

Die besnydeniskwessie se hantering

Tydens die meerdere vergadering wat in Jerusalem gehou is om die kwessie van die besnydenis uit te klaar, was Petrus die man wat die klomp stilgemaak het en orde bewerkstellig het. Hy het hulle met Skrifverklaring gelei dat hulle tot ’n besluit kon kom. Die Bybel verhaal dit deur so te begin:

> **En toe daar ’n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word.** Handelinge 15:7

Paulus en Petrus

Paulus skryf in die Galasiërbrief oor sy roeping. Hy skryf vir hulle dat God hom van die begin af afgesonder het vir die verkondiging van die evangelie.

- Toe die Here hom deur sy genade geroep het om onder Jesus aan die heidene te verkondig, het hy nie dadelik enige mens geraadpleeg nie.
- Hy het ook nie na Jerusalem toe gegaan om te gaan praat (raad vra?) by die wat voor hom apostels was nie.
- Hy het hom teruggetrek na Arabië toe.
- Later het hy weer teruggekom na Damaskus.

Drie jaar daarna, het Paulus eers na Jerusalem toe gegaan om met Petrus kennis te maak.

- Hy het toe vyftien dae by hom gebly.
- Hy het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. (Dit moes dus taamlik vroeg gebeur het, want ons weet dat Herodes sommer al vroeg-vroeg die Christene vervolg het en Jakobus met die swaard doodgemaak het).

> **Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly;** Galasiërs 1:18

Konflik tussen Paulus en Petrus.

Later het Petrus hom wangedra teenoor die kerke wat in die provinsie Galasië was.

- Hy het hom net met die besnede Christene (was dus uit joodse herkoms was) vereenselwig.
- Dit het die heidenchristene baie seergemaak en feitlik skeuring in daardie kerke veroorsaak.

Paulus het op die ding afgekom en dit reggestel. Deel van die proses om die saak reg te maak was 'n groot konflik wat daar tussen Paulus en Petrus was in Antiochië. Die Kerkraad van Antiochië sou ongetwyfeld by die saak betrokke gewees het.

Paulus skryf die volgende daaroor:

> **Maar toe Petrus in Antiochíë gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het.** Galasiërs 2:11
>
> **Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?** Galasiërs 2:14

Daarna (as gevolg hiervan) het Paulus die omsendbrief aan die kerke in Galasië gestuur. Dit het toe blykbaar die probleem opgelos.

Petrus se Briewe

Die feit dat Petrus baie foute gemaak het, beteken nie dat hy verlore was of uit die kerk se geskiedenis weggeraak het nie. Op sy oudag skryf hy twee sendbriewe aan die kerke.

- Uit die briewe blyk dit dat hy 'n baie groot kennis gehad het van God se Raadsplan en ook God se openbaring in die geskiedenis.
- Die briewe getuig ook van 'n ware geloof
- en 'n baie diep verbintenis met die Here.

> **Petrus, 'n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,** 1 Petrus 1:1
>
> **Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus:** 2 Petrus 1:1

In die tyd het Herodes die Christene begin vervolg. Hy het Jakobus – Johannes se broer, en dus Petrus se nefie – met die swaard laat doodmaak. Natuurlik het die Jode daarvan gehou dat hy dit gedoen het, want hulle het min tyd gehad vir die Christene. Hulle het die Christene as 'n sekte beskou.

Handelinge 12 verhaal hierdie somber stukkie geskiedenis. Maar tussen die dood en die tronksel deur vertel dit ook van God se genade: God buig selfs die slegte situasies om om sy eer te dien.

- **En toe hy** (Herodes) **sien dat dit (die moord op Jakobus) die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode.** (Handelinge 12:3)
- So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir hom opgegaan.
- **En toe Herodes hom wou voorbring, het Petrus in daardie nag tussen twee soldate geslaap, met twee kettings geboei, en wagte voor die deur het die gevangenis bewaak.** (Handelinge 12:5-6)

In die tronk het daar egter daardie nag wonderlike dinge gebeur – en daarna ook waar die gemeente die nag deur gebid het.

- **. . . meteens staan daar 'n engel van die Here by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê: Staan gou op! En die boeie het van sy hande afgeval.** (Handelinge 12:7)
- **Toe kom Petrus tot homself en sê: Nou weet ek waarlik dat die Here sy engel gestuur en my gered**

het uit die hand van Herodes en uit al die verwagtinge van die Joodse volk. (Handelinge 12:11)

- **En toe Petrus aan die deur van die poort klop, het ’n diensmeisie met die naam van Rhodé gegaan om te hoor wie daar was.** (Handelinge 12:13)
- **En sy het die stem van Petrus herken en van blydskap die poort nie oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en vertel dat Petrus voor die poort staan.** (Handelinge 12:14)
- **En Petrus het aangehou met klop; en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verbaas.** (Handelinge 12:16)
- **En toe dit dag geword het, was daar onder die soldate geen kleine opskudding oor wat van Petrus geword het nie.** (Handelinge 12:18)

10. Die hantering van die besnydeniskwessie

Tydens die meerdere vergadering wat in Jerusalem gehou is om die kwessie van die besnydenis uit te klaar, was Petrus die man wat die klomp stilgemaak het en orde bewerkstellig het.

- Hy het hulle met Skrifverklaring gelei dat hulle tot ’n besluit kon kom.
- Die Bybel verhaal dit deur so te begin:

En toe daar ’n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word. (Handelinge 15:7)

11. Paulus en Petrus

Paulus skryf in die Galasiërbrief oor sy roeping. Hy skryf vir hulle dat God hom van die begin af afgesonder het vir die verkondiging van die evangelie.

- Toe die Here hom deur sy genade geroep het om Jesus aan die heidene te verkondig, het hy nie dadelik enige mens geraadpleeg nie.
- Hy het ook nie na Jerusalem toe gegaan om te gaan praat met (raad vra by) die wat voor hom apostels was nie.
- Hy het hom teruggetrek na Arabië toe.
- Later het hy weer teruggekom na Damaskus.

Drie jaar daarna het Paulus eers na Jerusalem toe gegaan om met Petrus kennis te maak.

- Hy het toe vyftien dae by hom gebly.
- Hy het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. *(Dit moes dus taamlik vroeg gebeur het, want ons weet dat Herodes sommer al vroeg-vroeg die Christene vervolg het en Jakobus met die swaard doodgemaak het.)*

Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; (Galasiërs 1:18)

12. Konflik tussen Paulus en Petrus

Later het Petrus hom wangedra teenoor die kerke wat in die provinsie Galasië was.

- Hy het hom net met die besnede Christene (wat dus van Joodse herkoms was) vereenselwig.
- Dit het die heidenchristene baie seergemaak en feitlik skeuring in daardie kerke veroorsaak.

Paulus het op dié ding afgekom en dit reggestel.

- Deel van die proses om die saak reg te maak, was ’n groot konflik wat daar tussen Paulus en Petrus was in Antiochië.
- Die kerkraad van Antiochië sou ongetwyfeld by die saak betrokke gewees het.

Paulus skryf die volgende daaroor:

> **Maar toe Petrus in Antiochíë gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het.** (Galasiërs 2:11)

> **Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?** (Galasiërs 2:14)

Daarna (as gevolg hiervan) het Paulus die omsendbrief aan die kerke in Galasië gestuur. Dit het toe blykbaar die probleem opgelos.

13. Petrus se briewe

Die feit dat Petrus baie foute gemaak het, beteken nie dat hy verlore was of uit die kerk se geskiedenis weggeraak het nie. Op sy oudag skryf hy twee sendbriewe aan die kerke.

- Uit die briewe blyk dit dat hy 'n baie groot kennis gehad het van God se Raadsplan en ook God se openbaring in die geskiedenis.
- Die briewe getuig ook van 'n ware geloof
- en 'n baie diep verbintenis met die Here.

> **Petrus, 'n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,** (1 Petrus 1:1)

> **Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus:** (2 Petrus 1:1)

Thinus du Plessis
Bellville: Bybelstudie
8 Januarie 2005.